

16 April

Skrifgedeelte: Spreuke 27:19 (NAV)

Fokusgedeelte: Spreuke 27:19 (NAV)

Wie dink jy is jy?

Gewoonlik maak dit ons kwaad as iemand dit vir ons vra! Die vraag is: Wie ís ek inderdaad? Die Here sê in Spreuke 27:19: Jy is wat jy dink! Jou gedagtes sê aan jou, soos jou beeld in 'n spieël, wie jy is.

Wat gaan in ons gedagtewêreld aan? Ons woorde en dade kan ander nog tel, maar wat van ons gedagtes? Daarvan weet net ons – en God. Daardie slegte gedagtes oor my familie, vriende, kollegas of enigiemand anders – van hulle weet niemand nie. Dit geld ook die *slegte* gedagtes wat ek dink, terwyl ek juis *mooi* dinge doen of sê: ek sit in die kerk (*mooi*), maar ek kan nie wag dat dit klaar kry nie (*lelik*); ek glimlag *mooi* en praat vriendelik met my kollega (*mooi*), terwyl ek hom/haar verwens (*lelik*).

Hoe moet ons gedagtes wees? Die Woord antwoord in Filippense 4:8, “alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.” Die enigste manier waarop ons só kan dink, is om ons gedagtes onder beheer van God te plaas. Daarom staan daar ook in Romeine 12:2: “Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander *deur julle denke te vernuwe*.” Kom ons roep van vandag af saam met Paulus uit (2 Kor 10:5): “Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” Deur die Heilige Gees ís dit vandag moontlik!

Sing: Psalm 145:5 Ds FW Leuschner (Wapadrant)